# BOEKBESPREKINGS

J. C. KRÜGER. *Kerkvereniging in die lig van Uitverkiesing en Bekering.* N.G. Kerkboekhandel. 1980. 186 p. Prys: R8,55.

Die skrywer stel die doel van die publikasie as „'n poging om teologiese gronde te soek vir uiteindelike kerkvereniging" (p. 1). Kerkvereniging word in die boek beperk tot die moontlike vereniging tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGKSA) en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (GKSA).

Die titel wek die verwagting dat die skrywer hom deurgaans sal bepaal by die probleem dat genoemde „Kerke" wat een is in belydenis tog geskeie van mekaar bestaan. Die verwagting word verder geskep dat Kruger hierdie probleem in besonder sal belig vanuit 'n suiwer dogmatiese benadering oor die leerstellings aangaande die Uitverkiesing en Bekering.

Wat egter in werklikheid uit die publikasie blyk, is dat die skrywer die probleem nie soseer dogmaties en ekklesiologies benader het nie, maar wel hoofsaaklik dogmahistories. Hierin sit m.i. dan ook die probleem en tekortkoming van die boek. Die skrywer bepaal hom feitlik glad nie by die belydenis van die Kerk as 'n eenheid in Christus nie en die daaruit voortvloeiende roeping van kerke om tot 'n sigbare belewing van die eenheid te kom nie.

Die vraag is of die lang uiteensetting (6 hoofstukke) van die dogmahistoriese ontwikkeling rondom die begrippe Uitverkiesing en Bekering nie die balans en die eenheid van die boek versteur nie. Wat Krüger eintlik met hierdie uiteensetting wil bewys, is eenvoudig dat Uitverkiesing en Bekering nie van mekaar geskei moet word nie, maar dat Bekering die logiese konsekwensie is van die Uitverkiesing. Hieroor word inderdaad mooi dinge uit die Dordtse Leerreëls gesê (vgl. p. 57 e.v.). Is dit nodig om so indringend te delf in die historiese gegewens oor genoemde begrippe voordat verwys word na die Dordtse Leerreëls?

Wat verder opvallend is, en m.i. ook 'n leemte in die boek is, is dat die skrywer die tydvak 1618/19—1859 buite bespreking gelaat het. Die probleem van die geskeidenheid van die „Kerke" waaroor die boek handel het juis in hierdie tyd sy ontstaan gehad. Moontlik was die proefskrif van die skrywer: „Die verhouding tussen Uitverkiesing en Bekering met spesiale verwysing na die Dordtse Leerreëls" die oorsaak daarvan dat die publikasie in die eerste 6 hoofstukke te veel irrelevante besonderhede gee oor die probleem wat werklik aan die orde is.

Na die dogmahistoriese uiteensetting bepaal Krüger hom op 'n skerp en kritiese wyse by mistastings in die onderskeie „Kerke" t.o.v. Uitverkiesing en Bekering. Die NGKSA sou dan nie suiwer wees oor die Uitverkiesing nie en die GKSA op sy beurt weer onbeholpe in die hantering van die begrip Bekering. Die NGKSA sou groeperinge huisves wat neig na Metodisme terwyl die GKSA soms te sensitief is oor Metodisme en te passief is oor werklike Evangelisasie op groot skaal. In 4 hoofstukke word hierdie mistastings en die gevolge daarvan beskryf. Hy maak gebruik van briewe en artikels wat oor 'n lang tyd in Die Kerkbode en Die Kerkblad verskyn het om sy stellings te bewys. Die artikels en korrespondensie bewys dan dat die NGKSA die bekering volledig beklemtoon, maar sukkel met die Uitverkiesingsleer. Aan die ander kant is die GKSA suiwer in die leer oor die Uitverkiesing, maar hy „kan die begrip „bekering" nie hanteer nie" (p. 130). So sou albei „Kerke"

dan die verhouding tussen Uitverkiesing en Bekering skeef trek.

Die gevolgtrekking van die skrywer is dat albei „Kerke" pasiënte is (p. 138). Die NGKSA het 'n swak hart en die GKSA sit met afgekapte hande en voete Die skrywer oordeel eindelik dat die NGKSA en die GKSA moet verenig aangesien nie een in staat is om selfstandig sy siekte te kan oorkom nie So sou die GKSA kon deel in die gawe van die NGKSA om die kerk te vermeerder en die NGKSA kon profiteer by die GKSA om die kerk suiwer te bewaar.

Laastens kom die vraag aan die orde of dit moontlik is dat die twee „Kerke" kan verenig. Die skrywer identifiseer verskille oor tug, kerkbegrip, prediking, katkisasie, bidure, nagmaal, kerksang, spraakgebruik ens. en meen dat die grootste verskille saamtrek rondom die tug, prediking en kerkbegrip. Krüger behandel hierdie sake nie in detail nie, aangesien dit nie deur die tema gedek word nie (aldus die skrywer, vgl. p. 146). Terloops, hier word dit m.i. duidelik dat die skrywer homself in die noute bevind omdat die probleem van kerkvereniging nie losgemaak kan word van die ekklesiologie nie. Dit is daarom jammer dat die skrywer nie breër kon uitwei oor die verskil in die kerkbegrip nie, veral ook omdat Krüger erken dat dit een van die grootste verskilpunte is (vgl. p 168). Hy konkludeer egter dat die verskille soos hy dit geïdentifiseer het, nie 'n uiteindelike kerkvereniging hoef te belemmer nie.

Hoewel hy krities na die Tussenkerklike kommissie kyk, sien hy hierin 'n belangrike middel tot kerkvereniging. Krüger meen ook dat die onderskeie Sinodes aandag aan die saak moet gee wat verder strek as die benoeming van deputate vir die Tussenkerklike gesprek, dat plaaslike kerke betrek word, dat kanselruil moet plaasvind en dat die gereformeerdes hierin moet inisiatief neem omdat die predikante van die NGKSA tot dusver feitlik eensydig gereformeerdes uitgenooi het. Verder dink hy aan gesamentlike eredienste, interaksies tussen J.V.'s en jeugverenigings van die NGKSA en tussen susters ens. Die skrywer erken dat die weg 'n langsame groeiproses is, wat egter nie nagelaat moet word nie.

In alle opregtheid wil ek die skrywer se basiese motief vir kerkvereniging bevraagteken. Die motief vir kerkvereniging rus vir Krüger in die feit dat terwyl die NGKSA lou is ten opsigte van die uitverkiesing en leertug, en terwyl die GKSA bekering en evangelisasie minderwaardig sou maak (vgl. p. 182), hierdie twee „Kerke" liefs moet verenig. „So 'n kerkvereniging beteken dat elkeen van die Kerke iets by kry wat hy, alleen nie gehad nie en beswaarlik kon verwerf" (p 145). Die vraag is waarin rus so 'n kerkvereniging. Kan daar 'n ander motief wees behalwe die motief dat die Kerk van Christus inderdaad een is — dit is 'n gegewe — en dat gelowiges geroepe is om dit wat hulle in Christus is tot sigbare realiteit te bring op die grondslag van die waarheid? Die skrywer is egter korrek as hy stel dat die Skrif en Belydenis en daarom God self die twee „Kerke" roep tot kerkvereniging, maar ongelukkig is dit nie die punt wat in die boek breër uitgewerk word nie.

Die skrywer gee blyke daarvan dat hy bewus is dat daar verskille tussen die twee „Kerke" oor die gebruik van die woord ekklésia bestaan (vgl. p. 154). Uit die publikasie word dit egter duidelik dat hy aanvaar dat 'n versameling van gemeentes ook kerk genoem kan word, want deurgaans word die woord Kerk gebruik in die sin van 'n soort instituut. In 'n boek wat handel oor *kerk*vereniging is dit m.i. 'n leemte dat die skrywer hom nie teologies meer volledig sou verantwoord oor die korrekte gebruik van die woord ekklésia nie.

Dit is ook jammer dat die skrywer verval in 'n oormaat veralgemenings. Die uitspraak van die skrywer dat die GKSA probleme het met die begrip verbond „en dat die Kerk hom nie sommer so vanselfsprekend kan vry pleit van Remonstrantse afwykings nie" (p. 110) is m.i 'n growwe veralgemening. Is dit teologies-wetenskaplik verantwoordbaar dat die „*Kerk*" se standpunt oor verbond en Remonstrantisme afgelei kan word uit wat individue volgens Krüger se interpretasie in artikels en korrespondensie geskryf het? Hoe rym dit in elk geval met sy uitspraak dat die GKSA gekenmerk word deur suiwerheid in die Belydenis? (vgl. p. 132). Wie slegs sekere willekeurige sinsnedes uit Kerkbladpreke uithaal, sonder dat die agtergrond en die verband of bedoeling waarin dit geskryf staan in ag geneem word, kan inderdaad enige iets bewys (vgl. p. 103 waar beweer word dat ds. J. Visser die Remonstrantse leer van algemene versoening sou verkondig).

Waar die skrywer oor die tug handel (vgl p. 146—154) ontkom die leser nie aan die indruk dat dit baie eensydig en subjektief is nie. Die praktyk van kerklike tug by die GKSA word hier ernstig in gedrang gebring. Nie een van die volgende krasse stellings word gestaaf met bewyse nie: „elke predikant is sy eie verklaarder van die kerkreg"; „'n Kommissie wat 'n regsaak beoordeel kan ongelukkig 'n verklaring plooi en manipuleer soos hy wil"; „onder die dekmantel van strenge tuguitoefening kan baie maklik van 'n ongewensde predikant ontslae geraak word".

Dit is m.i. jammer dat Krüger weereens by wyse van veralgemenings beweer dat die GKSA doelbewus en met kwade bedoelings die prediking in die NGKSA eensydig afmaak as „stories vertel" as onsuiwer en minderwaardig in vergelyking met preke in die GKSA. Die bewering dat dit van kleins af in die huise, in die katkisasieklasse en later aan die Teologiese Skool aan studente geleer en ingeprent word, is gewoon onwaar en 'n veralgemening (vgl. p. 157 e.v.).

Voorbeelde kan vermenigvuldig word om aan te toon dat Krüger soms aanvegbare stellings maak en dat hy die onderwerp op 'n baie skerp en kritiese wyse hanteer en behandel.

Aan die ander kant is daar baie dinge wat die leraar dwing tot selfkritiek en tot ernstige nadenke of sy eie huis in alle opsigte in orde is Hy slaag m.i. daarin om 'n ydele selfgenoegsaamheid af te breek en die oë te open vir werklike en voortdurende reformasie. In hierdie opsig is die boek prikkelend en kom 'n mens onder die indruk daarvan dat kerkvereniging 'n noodsaaklike maar delikate aangeleentheid is. Sover my kennis strek is dit die eerste publikasie van hierdie aard. Dit is dus om meer as een rede belangrik dat terdeë kennis geneem sal word van die inhoud van hierdie boek.

A. LE R. DU PLOOY.

DR. J. M. VORSTER. *Die kruis of die vuis? Kerk en rewolusie in Suid-Afrika.* 1980, Pretoria Verkrygbaar by Geref. Kerk Derdepoort. 39 blss. R2,20.

Die Wêreldraad van Kerke het sedert 1966 op 'n pad van rewolusie gegaan. Sy leiers en volgelinge het verblind geraak sodat hulle geleidelik weggevoer is om met alle krag 'n koninkryk vir hierdie aarde tot stand te bring, terwyl die koninkryk van die hemele in hulle denke en dade heeltemal op die agtergrond geraak het. Hoe intens hulle ingestel is op 'n koninkryk vir hierdie

aarde blyk uit die houding wat hulle van die begin af in die Program vir die Bestryding van Rassisme gehandhaaf het. Een van die eerste personeellede van die PBR was 'n Moslem. Ook die kommuniste het van die begin af meegehelp om aksieprogramme teen S.A. op te stel. In 1971 verskyn die publikasie *Namibia* wat grootliks met die hulp van Ruth First, 'n uitgeweke kommunis uit S.A., opgestel is. Hierdie publikasie, latere propaganda saam met 'n aanvanklike skenking van 200,000 dollar vir SWAPO en latere grotere herhalings saam met die Christelike dekking wat SWAPO van die WRK ontvang het, is die een arm wat SWAPO in sy terroriste-aanslag staande gehou het, terwyl die VVO die ander is.

Die kommunistiese medewerkers van die WRK is natuurlik nie net verblind nie, maar fanatiek opsetlik. Daardeur word die kerk van Jesus Christus in 'n nuwe tydperk groter bedreig. Die kommunisme staan nie meer as vyand so graag direk teenoor die kerk nie, maar gebruik op allerlei wyse die kerk vir sy doel. Die kerk, die Bybel, teologie en prediking span hy vir sy doel in.

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke is in hierdie aksiepaln van die WRK in so 'n mate ingetrek dat hulle ewe-eens onlosmaaklik verbind is tot die koms van 'n aardse koninkryk as eerste prioriteit en dat die koninkryk van die hemele op die agtergrond verdwyn. Dit word duidelik geïllustreer deur die ope brief van die sekretaris-generaal van die WRK, Philip Potter, aan die sekretaris-generaal van die SARK, Desmond Tutu, waarin die opstand van skoolkinders in S.A. aangeprys word en diabolies bevorder word. (Vgl. Ecumenical Press Service 29 Mei 1980).

Dr. Vorster gee in hierdie boekie 'n kalme, eerlike en gebalanseerde beoordeling van die invloed van die WRK en die SARK op die politieke en maatskaplike situasie in ons land. Vriend en vyand sal moet saamstem dat hy klinkklaar aantoon hoedat die WRK en die SARK se politiek gedra word deur die leer van die Neo-Marxis Marcuse wat die jeug mobiliseer i.p.v die arbeiders soos die ou kommunisme, al bly die arbeiders 'n belangrike mikpunt. Die skrywer se aanduiding dat Shaull se voordrag in Genève op die groot konferensie vir kerk en maatskappy die kerk gemotiveer het om die ander speerpunt van rewolusie te word, kan ook nie betwis word nie. Maar sy kritiek teen die Afrikaanse Kerke en die Afrikaners is ook onomwonde eerlik en roep hulle tot bekering en verandering.

Die boekie behoort ongetwyfeld in die besit te wees van elkeen, veral die jeug, wat vandag perspektief soek op die gebeure in S.A. en in die wêreld. Omdat die skrywer sy stof goed beheers en een van die beste kenners is van ekumeniese bewegings in die wêreld en in S.A., kan hierdie beoordeling dien as 'n rigsnoer vir baie mense wat uit die aard van hulle eie beroep nie so ingewerk kan wees op hierdie gebied nie. Volksraadslede en leiers van Swart Nasionale State, doserende personeel aan universiteite en ander inrigtings vir hoër onderwys, polisie en weermagsoffisiere sal dit 'n nuttige en betroubare handleiding vind. Mag dit ook deur ouderlinge, diakens, predikante en lidmate gelees word! En mag daar dan ook in die kerke vernuwing kom!

Die liefde van die skrywer vir Swart-, Wit- en Bruinmense blyk duidelik Bo alles is dit egter die liefde vir die saak van die Here wat hom dring. Daarom eindig die boekie met mooi Skriftuurlike riglyne.

M. A. K.

KRUGER, M. A. 1981. *Die Heilige Gees wat lewend maak.* Pretoria: Die skrywer (64 pp). Verkrygbaar by die skrywer @ R2,20 (AVB ingesluit).

1 *Tipering van die inhoud*

In sy Inleiding (p. 8) sê die skrywer baie duidelik wat sy doel met hierdie boekie is: „Ons doel is om die groep gegewens uit die Bybel waar direk oor die Heilige Gees gepraat word, te bestudeer om sodoende die regte leer wat daaruit kom, saam te vat en te kan gebruik as riglyn in die verwarring wat daar in ons tyd bestaan oor die werk van die Heilige Gees." In sy Voorwoord voeg prof. Kruger hieraan toe: „Hierdie boekie is bedoel as basis vanwaar dieper studie onderneem kan word. Die Bybelse openbaring van die Heilige Gees is in 'n historiese raamwerk geplaas sodat die verband tussen die verskillende tydvakke duidelik is."

Om sy doel te bereik het prof. Kruger soos volg te werk gegaan: In hfst. 2 noem hy die verskillende tydperke wat hy onderskei. Van hfst. 3 af behandel hy elk van hierdie tydperke, en wel soos volg.

Hfst. 3: Skepping tot voor die sondeval (p. 11—13)
Hfst 4: Sondeval tot die geboorte van Jesus: Die hele skepping (p. 14—17)
Hfst. 5: Sondeval tot die geboorte van Jesus; Israel (p. 18—23)
Hfst. 6: Vanaf die vleeswording van Jesus tot sy hemelvaart (p. 24—32)
Hfst. 7: Die bedeling van die Heilige Gees: Pinkster en die uitbreiding van die kerk (p. 33—45)
Hfst. 8: Die bedeling van die Heilige Gees: Herskepping (p. 46—59)
Hfst. 9: Die herskepping voltooi — die finale koms van die koninkryk (p. 60—64)

Kruger sê dat hierdie behandelingswyse die sentrale gedagte wat die Bybel i.v.m. die Heilige Gees gee, nl. dat Hy lewend maak, laat uitstaan (p. 5,8).

2. *Beoordeling*

2.1. Die grootste wins

Die grootste wins van hierdie boek is dat dit 'n oorsig probeer gee oor die openbaring aangaande God die Heilige Gees in die hele Bybel. Wat Kruger hierdeur wen in breedte, verloor hy egter in diepte, veral omdat só omvangryke onderwerp in minder as sestig bladsye behandel word.

2.2. Die grootste leemte

Die grootste leemte van die werk is dat daar nie blyke is van grondige en selfstandige eksegese van kardinale tekste nie. Kruger se selfgeformuleerde doel is „om die groep gegewens uit die Bybel waar direk oor die Heilige Gees gehandel word, te *bestudeer*. . . ." Van hierdie „bestudering" is daar nie werklik blyke nie, en vanweë die vooropgestelde doel van die werk, is dit 'n ernstige mankement. In aansluiting hierby vind 'n mens dikwels 'n oppervlakkige aaneenskakeling van tekste om 'n bepaalde stelling te motiveer. Kragtens Kruger se doelstelling wil hy 'n eksegties-openbaringshistoriese studie doen, maar dikwels dogmatiseer hy oor 'n bepaalde faset van die openbaring aangaande die Heilige Gees, in plaas daarvan om op grond van die betrokke Skrifgedeelte tot 'n gevolgtrekking te geraak. So gee hy bv. op p. 49 'n dogmatiserende definisie van *wedergeboorte* en behandel eers daarna die ter sake Skrifgedeeltes (oppervlakkig) in plaas daarvan om die definisie uit die Skrifgedeeltes op te diep, en kontroleerbaar aan te toon hoe hy dit doen.

2.3. Nie 'n werklike openbaringshistoriese aanpak nie

In plaas van openbaringshistories — Kruger se bedoeling — is die aanpak dus eerder dogmaties-histories, en daarom voldoen die werk nie aan die verwagting wat in die Voorwoord en Inleiding geskep word nie.

2.4. Wetenskaplike afgerondheid

Die aanpak van die onderwerp is sistematies en logies, maar tog ontbreek dit hier en daar aan wetenskaplike afgerondheid. Die boek is bv. nie voorsien van 'n bibliografie nie, en nêrens word enige hedendaagse standpunte krities bespreek en beoordeel nie Op sigself geneem hoef dit nie 'n leemte te wees nie, maar die skrywer wil juis die resultaat laat gebruik „... as riglyn in die verwarring wat daar in ons tyd bestaan oor die werk van die Heilige Gees." Die skrywer skep dus nogeens 'n verwagting waaraan hy nie voldoen nie.

Plek-plek blyk dit dat die skrywer se semantiese onderskeidings en terminologie nie wetenskaplik korrek is nie, en ook nie konsekwent nie. Op p. 61 maak hy bv. die volgende stelling: „Die eersteling het ook dieselfde betekenis dat die volheid gegee sal word." Dit is eers by herhaalde lees van die betrokke paragraaf dat dit duidelik word wat die skrywer met „ .. het ook dieselfde betekenis..." in hierdie stelling bedoel.

Nog 'n blyke van wetenskaplike onnoukeurigheid is Kruger se behandeling van die Nuwe Afrikaanse Vertaling se weergawe van „ten apolutrosin tou somatos hemon" (Rm 8 : 23). In die een stelling onderskryf Kruger die Nuwe Afrikaanse Vertaling se „Hy sal ons van die verganklikheid bevry". Net daarna interpreteer hy egter die uitdrukking — sonder enige motivering — as „... die verganklike liggaam met onverganklikheid beklee..." In die eerste geval word t.o.v. somatos geïnterpreteer as 'n genitief van verwydering, en in die tweede as 'n objektiewe genitief. (Hy bevry ons *van die verganklikheid*, teenoor: Hy bevry *ons liggaam)*. Laasgenoemde is kragtens die verband van Rm 8 : 23 die korrekte interpretasie.

2.5. Simplistiese behandeling van problematiese sake

Daar is reeds gemeld dat dit 'n winspunt is dat die skrywer in die bestek van minder as sestig bladsye sy onderwerp afhandel. Dit werk egter daartoe mee dat hy meermale problematiese sake met oorvereenvoudigde stellings verklaar en probeer afmaak Op p. 30, 31 sê hy bv. van die verhouding tussen die Heilige Gees en die Woord die volgende, en volstaan daarmee: „Nou word ook nog duidelik hoe nou die verband tussen Jesus en die Heilige Gees en die Woord van God is. Jesus is die waarheid (Joh 14 : 6), die Heilige Gees is die Gees van waarheid en in Joh. 17 : 17 lees ons: U Woord is die waarheid." Met hierdie bondige stelling los prof. Kruger nie probleme op nie; hy skep eerder probleme en maak vrae wakker.

2.6. Enkele onbeantwoorde vrae

Na die lees van die boekie, sit 'n mens met onbeantwoorde vrae, wat in die behandeling van die onderwerp eintlik beantwoord behoort te wees. Enkele hiervan is:

1) Wat beteken dit om *„jou te laat lei* deur die Heilige Gees"? (p. 48—51)
2) Wat is die plek van glossolalie dan wel? (p. 52)
3) Wat beteken die uitdrukking „die Gees van aanneming tot kinders" in Rm 8 : 15? (p. 53)

2.7 Beoordeling saamgevat

Prof. Kruger slaag daarin om in die bestek van minder as sestig bladsye 'n onuitputbare onderwerp te behandel. Wat hy wen ten opsigte van die breedte, verloor hy egter ten opsigte van die diepte.

Dat hy die studie openbaringshistories wil aanpak, is lofwaardig. Hy slaag egter nie heeltemal daarin, maar is eerder dogmaties-histories in sy aanpak. Die vlag dek dus nie die lading nie.

'n Laaste „subjektiewe" opmerking: Die Heilige Gees het sterk subjektiewe betekenis vir die gelowige. Prof. Kruger skryf objektief *oor* die Heilige Gees, en dit laat die gelowige leser onbevredig.

3. *Geheel-indruk*

Alles wat gesê is, breek nog nie die waarde van „Die Heilige Gees wat lewend maak" af nie. Veral die bondige stelswyse, die gemaklike „ongeleerde" skryfstyl en sistematiese aanpak maak dit 'n lekker-lees boekie. Die lidmaat sal daar baie meer wins van hê as die predikant.

FIKA VAN RENSBURG, Frankfort.

H. J. SCHILDER: *Ik Kom Thuis* (Een reeks Schriftoverdenkingen). Uitgeverij Vijlbrief — Haarlem 1981. Prys *f*24,95.

Die boek (160 bladsye, geïllustreer, hardeband) bevat 37 Skrifoordenkinge waarin behalwe die kerklike jaar, ook die Ou Testament, die vakgebied van prof. Schilder, en met name die boek Spreuke aandag kry.

Die skrywer was hoogleraar aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerken in Nederland (te Broederweg 15, Kampen) en het in 1981 na ruim 28 jaar diens emeriteer.

Die oordenkinge is geskrywe vir 'n rubriek „Uit de Schrift" — 'n weeklikse kolom in die blad „De Reformatie". Hy is uitgenooi om die rubriek 'n aantal maande te versorg en die oordenkinge is daarna in 'n bundel saamgevat.

Volgens die inleiding is „meditasie" vir die skrywer nie spesifiek 'n saak van mistieke en piëtistiese inkeer tot jouself nie, maar oefening en bestudering met die oog op 'n praktiese doel En dit is 'n saak van elke dag. Dit staan lynreg teenoor die sg. transendente meditasie van Maharishi Mahesh Yogi, want dit word deur Christus en sy Heilige Gees in ons mond en hart gelê. By dié oefening wil die boek 'n begeleiding wees, vandaar ook die titel „Ik kom thuis". Dit kom veral duidelik uit in die meditasie onder dié titel oor Ps. 23 : 6b: ... en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae." Onder „huis van die Here" moenie eensydig die tempel in Jerusalem of in Nuwe Testamentiese sin die kerk verstaan word nie. Om tuis te wees is veel meer as om in 'n huis te wees. Daarmee druk ons ook die besef uit van vrede, veiligheid, sorg, beskerming, vreugde en troos. Daarom is die eerste en laaste „tuis" by die Here. Dis Hy wat sy kinders ontvang wat Hy uit genade aangeneem het Om by die Here „tuis te wees" staan voorop. Dit gaan prinsipëel vooraf aan 'n gebou.

Dat die skrywer Ou Testamentikus is, spreek duidelik uit elke bladsy, selfs waar oor Nuwe Testamentiese tekste gehandel word. Wat meer is: hy praat ons taal en is teologies op dieselfde golflengte as ons ingestel. Dit blyk o.a. uit die meditasie oor Ps. 2 : 12d onder die titel „Antirevolutionaire gemeenplaats", waarin die rewolusionêre geweld van ons tyd afgewys word.

Dis 'n prikkelende boek wat van harte aanbeveel kan word. Predikante sal dit nuttig vind as homiletiese stof, maar ook vir die verklaring van vele tekste.

H. A. L.

OLAV GUTTORM MYKLEBUST: *H. P. S. Schreuder, Kirke og misjon.* Gyldendal Norsk Forlag, Oslo 1980, 431 pp.

Die skrywer van hierdie lywige boek het baie jare as sendeling van die Luterse kerk in Suid-Afrika deurgebring en was in 1862—73 professor in die sendingwetenskap in Noorweë. Hierdie werk het in Noors verskyn. Dit handel oor biskop Hans Paludan Smith Schreuder, gebore te Sogndal in Noorweë in 1817 uit 'n geslag van hoë amptenare en geestelikes. Hy is oorlede in Zoeloeland in 1882, bekend as die apostel van Zoeloeland. Sy betekenis word in Suid-Afrika myns insiens nog onderskat. Hy was in die Noorse sendingsgeskiedenis 'n omstrede figuur, veral weens sy breuk met die Noorse sendinggenootskap te Stavanger in 1873. Sommige skrywers beskou hom as 'n hoogkerklike, konserwatiewe outokraat wat van die Noorse sendinggenootskap weggebreek het toe daar liberale, demokratiese invloede ingekom het. Andere is egter van mening dat hy stellig geen anglikaniserende hoogkerklike verkrampte in die Luterse kerk was nie. Hulle, w.o. Myklebust, teken 'n genuanseerder, gematigder en waarderende beeld van Schreuder, nl. dat hy 'n kragtige behoudende stroming in die Noorse Luteranisme gedurende die 19de eeu verteenwoordig het.

Myklebust begin met 'n lewenskets van die biskop en gee daarin min aandag aan details van Schreuder se pionierswerk in Natal. Hy konsentreer op die stryd om Schreuder in Noorweë. Hy behandel (p. 83—323) op deeglike wyse Schreuder se opvattings oor sowat alle denkbare vraagstukke van die Luterse kerk se sending en sy verhouding tot ander sendinggenootskappe in Natal asook die aanleiding vir sy aansoek om ontslag by die Noorse sendinggenootskap in 1873.

Myklebust beklemtoon die reëlmatige konflikte in besture van sendinggenootskappe en tussen die hoofbesture in Europa en die werkers op die sendingveld. Die afstand tussen Europa en die veld was groot, die verbindinge gebrekkig, die moontlikhede van misverstande en wrywing tussen sterkgeaarde persone talloos. Dit was vir mense in Europa amper onmoontlik om 'n juiste beeld van die toestand op die sendingsveld te kry en vir die sending uitvoerbare voorskrifte te gee.

Myklebust beskryf drie redes vir Schreuder se aansoek om ontslag by die Noorse sendinggenootskap in 1873. Die eerste was die swaar administratiewe las wat die hoofbestuur in Stavanger op Schreuder as hoof op die sendingveld gelê het. Die tweede was Schreuder se probleem om die Noorse sending op Madagaskar te bestuur omdat daar geen gereelde verbinding met die ver eiland was nie, omdat die hoofbestuur verder van die maatreëls wat Schreuder noodgedwonge buite die hoofbestuur om vir Madagaskar geneem het, afgekeur het en omdat die origens heel bekwame sendeling, Lars Dahle op Madagaskar so eiegeregtigd opgetree het. Dahle het later die nogal outoritêre sekretaris van die Noorse sendinggenootskap in Stavanger geword. Die eer om deur 'n standbeeld voor die sendingskool te Stavanger onthou te word, het eintlik aan Schreuder toegekom. Die derde aanleiding vir Schreuder se bedanking was die strewe van die hoofbestuur om die invloed van biskop Schreuder in die jaarlikse vergadering van Noorse sendelinge in Natal te verminder, onder meer deur besluite wat met een stem meerderheid geneem is te erken. Die biskop het hom kragtig verset teen hierdie liberale, demokratiese stroming wat na 1870 in die Noorse Luterse en die Noorse sendinggenootskap veld gewen het. Schreuder het „inspraak" of medebeslissings van sy kollega's ver-

welkom, maar die blote meerderheidsbeginsel as te demokraties afgewys.

Myklebust het Schreuder uitvoerig beskryf en sy werk dra baie tot die kennis van en begrip vir hierdie groot figuur by. Sy werk is geweldig insiggewend, hoewel glad nie ligte leesstof nie.

Dr. C. DE JONG, Dept. Ekonomie, Unisa.

JAN VEENHOF: *Geist und Liebe, Die systematischen Voraussetzungen der Ethik Hendrik van Oyens*, Rodopi NV Amsterdam 1978, 97 bll, R8,59.

Hierdie boek van Jan Veenhof oor die Etiek van Hendrik van Oyen, Hollandse etikus te Basel (1948–1968), is 'n verademing in 'n tyd van etiese moralisme, rigorisme, situatisme, libertinisme en rewolusionisme. Op heldere, saaklike en deeglike wyse skryf Veenhof oor die etiese gesigspunte van sy vroeëre leermeester. Belangrik is dat Van Oyen self die manuskrip voor publikasie deurgelees het en hom met die weergawe daarin vereenselwig het.

Die boek bestaan uit nege hoofstukke, helaas ongenommer. In hfst 1 word gewys op Van Oyen se aansluiting by die etiese teologie, Kierkegaard en Barth. Ten opsigte van laasgenoemde het hy egter selfstandig gebly, etiek as selfstandige wetenskap teenoor dogmatiek gehandhaaf en Barth ook daaroor gekritiseer dat hy by alle konsentrasie op die openbaring nie 'n genoegsame ope oog gehad het vir die mens in sy verskeie lewensituasies nie.

In hfst 2 word gewys op die fundamentele betekenis van die werk van die Heilige Gees vir die etiek. Onder die parakletiese werk van die Heilige Gees moet eerder sy werk as voorspreker/pleitbesorger verstaan word as trooster. In die kerk vervul die Gees 'n priesterlik-versterkende funksie, in die wêreld 'n profeties-vermanende. By Van Oyen vind ons egter geen krasse onderskeiding of skeiding tussen skeppingstegniek en versoeningsetiek nie.

Hfst 3 behandel Christologiese aspekte. Die pneumatologiese etiek het tewens in Christus sy uitgangspunt en oriënteringspunt Die drie groot fokuspunte in die wêreldgeskiedenis is die *inkarnasie* (Christus), die *parousie* (Heilige Gees) en die *teleiose* (eskatologie). „In der Ethik geht est nun um die Frage, wie in dieser Welt von dieser Glaubenssicht her gelebt und gehandelt werden darf" (31). Deur die Gees het Christus die magte van die wêreld ontmagtig. Die wêreld wat deur die offer van Christus versoen is, word deur die inwoning van die Gees na die voleinding gevoer. „Es ist bezeichnend für Van Oyens Pneumatologie, dass das Wirken des Geistes nicht auf die individuelle bzw gemeinsame gläubige Existenz beschränkt ist, sondern in weiten kosmischen Perspektiven gesehen wird" (33–34). Omdat ons egter nog in 'n gebroke wêreld leef, is ons handelinge voorlopig en 'n kompromis dikwels onvermydelik. Triomfalisme en perfeksionisme is eties uitgesluit.

Die grondmotief van menslike handelinge is vir Van Oyen daarin geleë dat die mens as beelddraer van God 'n deur God gemandateerde op aarde is en ook sy verteenwoordiger (hfst 4). Dit sluit drieërlei handelswyse in: omgang met God, omgang met die medemens, beheersing van die aarde in Gods naam. Hierdie (onmisbare) kommunikasie geskied deur die Woord. Die menslike mandaat word bepaal deur die verbond, met sy aspekte van heiligheid, geregtigheid en reg. Anders as Barth beklemtoon Van Oyen die betekenis

van die skepping, wat deur die mens bewoonbaar gemaak moet word Die werklike wêreldvernuwing word egter eers deur Christus bewerkstellig sodat ware mandateurskap by die mens bestaan in navolging van Christus.

Naas die idee van pleitbesorging ontwerp Van Oyen die idee van *recognitio* (of nuwe mens, die mens-in-Christus) as onmisbaar vir 'n evangeliese etiek (hfst 5). Hierdie *recognitio* omvat sowel die regverdiging as die heiliging, wat onskeibaar is. Hierdie nuwe lewe is ook onlosmaaklik aan die Christelike gemeente verbonde *(koinonia)*.

Vervolgens bespreek Veenhof in 'n belangrike hoofstuk (6) die drie gestaltes van liefde by Van Oyen, naamlik agape, filia en eros. Agape moet verstaan word as selflose, goddelike, solidêre, offerende liefde. Filia weer is die liefde wat ons gewone lewe kenskets en orden en waarsonder daar op aarde net choas sou wees. Veenhof merk op „dass die Darstellung von der eigenen Funktion und Bedeutung der philia zu den originellsten und fruchtbarsten Motiven der Ethik Van Oyens gehört" (52). Naas die offerende liefde (agape) en die ordenende liefde (filia) is daar ook die produserende liefde (eros). Hierdie drie vorme van liefde word dan baie innig verbind met die drieërlei mandate van die mens.

Veenhof wys ook op Van Oyen se stryd teen wettisisme (hfst 7). Hiermee is die Wet egter nie opsy geskuif nie. Die imperatiewe van die Tien Gebooie rus egter in die heilsindikatief van Gods redding uit Egipte en finaal in Gods redding deur Jesus Christus. Die nuwe lewe van geloof is 'n lewe onder die mag van die Gees en nie onder die Wet nie Verrassend is Van Oyen se bevinding: „‚Von dieser Anwaltschaft aus' gibt es keine ‚Prinzipien' oder ‚Regeln', die von vornherein die Entscheidungen der einzelnen Situationen vorwegnehmen könnten. Christus beschreibt paradigmatisch, andeutungsweise, das Leben aus der Kindschaft" (63). Opvallend is ook Van Oyen se anti-moralistiese aanpak waarin die sonde wel nie verbloem word nie maar waar alle aandag gerig is op die weg van vryheid. Norme en gebooie het hulle waarde maar „das Gebot ... habe seine tiefste und eigentlichste Intention in der Gnade, in der Liebe des erwählenden und erlösenden Gottes" (67). Veenhof wys ook daarop dat Van Oyen etiese rigorisme bestry waar die gebooie eenvoudig rigoristies toegepas word sonder 'n ope oog vir die eindelose verskeidenheid van menslike situasies: „Normen müssen dem Gebot dienen, sie müssen elastisch sein; sie halten die Menschlichkeit, ihre Grenzen und Schranken im Auge, oder sie sind ein Verhängnis" (68). Hierdeur verkry Van Oyen se etiek 'n onmiskenbare pastorale karakter — 'n eienskap van alle goeie etiek. Dit gaan nie bloot om norme nie maar om mense. Hoewel Van Oyen waardering het vir die moderne situasie-etiek, lewer hy tog ook kritiek daarop.

Die kerk (en etiek) het 'n profeties-priesterlike taak in die wêreld (hfst 8). Daar mag by die Christen geen privatisering van die geloof wees nie, hy is deur God geroep om midde in die wêreld te staan 'n Christen moet trou bly aan die aarde maar tog is daar ook 'n sekere spanningsverhouding ten opsigte van die wêreld.

In die slothoofstuk (liefde en menslikheid) wys Veenhof op 'n hele aantal kritici van A. Nygren se bekende boek oor *Eros en Agape*. Die skerp wyse waarop Nygren byvoorbeeld eros (egosentriese liefde) en agape (selflose liefde) geskei het, hou in die lig van die latere studies nie steek nie. Trouens, reeds eerder het Van Oyen tot dieselfde konklusie geraak.

Samevattend sê Veenhof: „Wenn wir das Ganze der Darlegungen Van

Oyens überblicken, dürfen wir sagen, dass sie insgesamt durch einen tiefen Respekt sowohl vor dem Zeugnis der Bibel wie vor der komplexen ‚condition humaine' gekennzeichnet sind. Das ist der Grund, weshalb seine Konzeptionen einer Ethik, die Verantwortung und Mitmenschlichkeit, Normativität und Solidarität von der Perspektive des Geistes her verbindet, Anerkennung gefunden hat und als ein verheisungsvoller Ausgangspunkt für weitere Überlegungen gewürdigt worden ist" (95).

Jan Veenhof het 'n goeie boek oor 'n bekwame etikus geskryf. Ek wil dit met vrymoedigheid by etiekstudente aanbeveel. Een punt van kritiek is dat die boek in hoofsaak handel oor „prinsipiële etiek" en nie oor „eksistensiële etiek" nie. Maar miskien was dit ook nie bedoeling nie. Die boek lewer nietemin 'n mooi voorbeeld van „normatiewe etiek".

J. H. v. W.

DOUMA, J.: *Gewapende vrede. 16 Stellingen over het thema ‚Oorlog en Vrede'*, Uitgeverij Ton Bollard, Amsterdam 1980. Prys R8,11. 118 bll.

Prof. J. Douma, etikus van Kampen (Broederweg), het ons verras met 'n boeiende studie oor die aktuele probleem van oorlog en vrede. Hyself sê dat hy geen moeiliker probleem in die etiek ken as juis dié i.v.m. kernbewapening nie (114).

Aan die hand van 16 leerstellinge sit die skrywer sy standpunt uiteen en ek som dit kortliks op.

*Opsomming van die inhoud*

Douma begin met 'n aantal hermeneutiese stellings. Die Heilige Skrif moet as eenheid behandel word en nie op selektiewe wyse hanteer word soos by die pasifisme nie. Op grond van die Skrif kan nie gesê word dat alle oorlog sonde is nie. Die heilsgeskiedenis in die Bybel moet deeglik in ag geneem word en uit die OTe heilige oorloë kan onmoontlik reglynig tot 'n moderne vernietigingsoorlog gekonkludeer word. Uit die feit dat die Bybel sê dat daar altyd oorloë sal wees, mag ons nie konkludeer dat daar altyd oorloë moét wees nie. God se (geopenbaarde) bedoeling met hierdie wêreld is nie dat dit verwoes moet word nie maar dat dit behou moet word (30).

Wat 'n partikuliere Christen nie mag doen nie, nl. wraak uitoefen, dit mag 'n owerheid wél doen (Rom. 13). In uiterste grenssituasies is egter ongehoorsaamheid en selfs opstand teen 'n owerheid moontlik (34). Douma aanvaar nie die Lutherse twee-ryke-leer of die Barthiaanse een ryk nie, maar wel die leer van Calvyn oor die een ryk met twee regimente, kerk en owerheid, waar laasgenoemde se „eintlike werk" bestaan in orde en vrede en sy „aksidentele werk" in oorlog.

Al vind hy dit 'n „hachelijke onderneming" (49, 50) wil Douma tog spreek van 'n regverdige oorlog, waarvoor dan ten minste ses voorwaardes geld Hy wys daarop dat die moderne kernwapens „een geheel nieuwe situatie" (51) laat ontstaan het sodat die gedagte van 'n regverdige oorlog met sulke wapens „helemáál twijfelachtig" word (51). Die probleem vergroot ook nog as daaraan gedink word dat die *kennis* om sulke wapens te maak blywend teenwoordig sal wees.

Daarmee wil Douma egter nie vir atoompasifisme kies nie. Hoewel die

wapens *onbruikbaar* is, is hulle nogtans *onmisbaar* as afskrikmiddel teen die groot gevaar van die Kommunisme wat mense geestelik wil vermoor (79). Daar moet bereidheid wees om hierdie wapens in noodsituasies te gebruik, of hierdie *indruk* moet ten minste by die teenstander gewek word.

Eensydige ontwapening vind Douma onverantwoord. Die groot risiko van „balance of terror" moet aangedurf word, maar dit is 'n vraag „of deze risico's verantwoord *blijven*" (91). Hy wys verder op die uitdyende wapenarsenaal en daarom pleit hy ook vir wedersydse ewewigtige wapenvermindering (97). Ontwapeningskonferensies moet gestimuleer word.

Die moderne kernwapens het met die styl van die Bergrede „niets meer te maken" en twee wêrelde wat met sulke totaal verwoestende wapens dreig, staan „zeer, zeer ver van het evangelie af" (109). Tog het die owerheid die taak om ter wille van vrede met sulke wapens te dreig. Die kerk, daarenteen, „legt de wapens af als zij werkelijk kerk is. Zij predikt het evangelie van verzoening en vrede. Zij kan, voor welk rechtvaardig doel ook, geen wapens hanteren of wapens leveren" (110). Selfs aan vryheidsbewegings mag die kerk nie finansiële steun verleen nie (22).

*Punte van waardering*

Ek noem vervolgens graag 'n paar punte van waardering.

Ten eerste moet ons dankbaar wees dat Douma hom besig gehou het met hierdie (miskien) moeilikste van alle etiese probleme. Ook vir die prinsipiële en praktiese wyse waarop hy dit gedoen het. Hy het inderdaad nie 'n kop-in-die-dop houding gevolg nie maar die probleem vierkant onder oë gesien, hy weet dat ons „op een vulkaan" lewe (90).

Tweedens het ek waardering vir die feit dat en die wyse waarop hy die Skrif ter sprake gebring het Soos dit 'n goeie gereformeerde etikus betaam, wou hy graag luister na wat die Woord van God oor ons onderwerp meedeel. Waardevol is sy heilshistoriese en anti-biblisistiese aanpak.

Derdens noem ek sy anti-fatalistiese benadering. Oorlog is nie maar 'n onvermydelike wêreldramp wat die kerk gelate moet aanvaar nie. Nee, „wij hebben de vrede te bevorderen. Dat is onze opdracht" (28). Ons moet „alles doen wat in ons vermogen ligt om so 'n oorlog te voorkomen" (48–49). Daar moet meer atoomvrye sone kom as alleen Suid-Amerika (31). Wedersydse ewewigtige wapenvermindering moet plaasvind (97). „De geweldige afstand tussen de Bergrede en de nucleaire bewapening kan toch onmogelijk verdoezeld worden?" (113).

Vierdens is dit belangrik dat Douma nie, soos so dikwels by etici te vind is, 'n verengde vredesbegrip daarop nahou. Vrede is nie net sielevrede nie, of net vrede met God nie, maar ook vrede tussen die mense en volke onderling (26, 116).

*Punte van kritiek*

Tog is daar 'n paar punte van kritiek wat ek graag wil noem. En ek is bewus daarvan dat hierdie kritiek uitgespreek word vanuit 'n Afrika-konteks (Afrika is tans nog 'n kernbomvrye-gebied) en dat dit gerig is op niemand in Europa (Europa is 'n swaar bedreigde gebied).

Teen die sogenaamde deterrentteorie (ook voorgestaan deur die Lutheraan Helmut Thielicke) kan daar swaarwigtige besware ingebring word en ek noem 'n paar daarvan

Die eerste is: *bedreiging sonder bedoeling is ongeloofwaardig.* En sal die

teenstander dit nie later uitvind nie? Hier verloop die argument van Douma nie vlot nie. Hy besef enersyds dat die wapens vanweë hulle vernietigende effek nie as *oorlogsmiddel* gebruik kan word nie, maar tog moet daarmee andersyds nog „eg gedreig" word, altans die opponent moet hierdie „indruk" kry. Is dit nie so dat wie „eg dreig" ook moreel bereid moet wees om die wapens *inderdaad* aan te wend nie?

Tweedens word hiermee nie rekening gehou met wat genoem word 'n *onbedoelde oorlog* nie. Talle oorloë het in die wêreldgeskiedenis as onbedoelde oorloë uitgebreek, soms selfs téén die bedoeling van regerings in. Lê dit binne die menslike vermoë om 'n allesvernietigende kernoorlog op die lang duur te vermy?

Derdens, word daar nie te optimisties oor die mens gedink indien verwag word dat hy permanent redelik sal redeneer sodat hy die kernwapens (ter wille van selfbehoud) nooit sal gebruik nie? (89). Moet die mag van die sonde nie hier indringender ter sprake kom nie? Kyk ons na die wêreldgeskiedenis dan is daar weinig voorbeelde waar die mens só redelik geredeneer het dat hy nie die mees dwase oorlog aangegaan het nie.

Vierdens, indien aanhoudend oor en weer gedreig word, waar eindig die kernwedloop? En dit is nou al moontlik om een kernbom te maak wat alle lewe op een halfrond kan vernietig!

Uit hierdie enkele gegewens blyk hoé kompleks en akuut die probleem van 'n oorlog en veral 'n kernoorlog is. Douma het 'n allesins lesenswaardige boek gelewer wat ek graag vir lees en studie aanbeveel.

J. H v. W.

Boeke ontvang vir bespreking van:

1. Die Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms.) Bpk.: J. van Bruggen: *Het Amen der Kerk*. Uitgewer: Ton Bolland 1980. Prys R12,39. (Ph. S.)
   Dr. G. P van Itterzon: *Johannes Bogerman*. Uitgewer: Ton Bolland 1980. Prys: R8,36. (F. R. P. de B.)

2. Die N.G. Kerk Boekhandel, Posbus 245, Pretoria. L. Floor: *Die evangelie van die koninkryk*. 1981. R6,00.

3. HAUM, Posbus 460, Pretoria. A. D. Pont: *Die historiese agtergrond van ons kerklike reg*. 1981. R22,00.

4. IBC, PU vir CHO, Potchefstroom. C. J. Malan: *Die nadere Reformasie*. 1981 R4,00.